

## **Kan makro-ekonomiese konvergensie in SADC tot die suksesvolle vestiging van 'n monetêre unie en 'n sentrale bank in die streek lei?**

JANNIE ROSSOUW

Suid-Afrikaanse Reserwebank asook Departement Ekonomie, Universiteit van Pretoria<sup>1</sup>

### **SUMMARY**

*Can macro-economic convergence in SADC result in the successful establishment of a monetary union and a central bank in the region?*

*Macro-economic convergence leading to monetary unification and a single central bank is one of the goals of the Southern African Development Community (SADC). To this end macro-economic convergence criteria were set, the first of which countries in the region should achieve by 2008. Further aims are to establish a free trade area also by 2008; a customs union by 2010; a common market by 2015; and monetary union and a SADC central bank by 2021. SADC is not alone in setting such criteria in Africa. As part of a broader strategy of the African Union for macro-economic convergence of all countries on the continent, similar goals were also set by the Economic Community of West African States (ECOWAS) and the two CFA franc zones in Africa. However, a recent publication (Masson & Pattillo 2005) based on experience with and prospects for current currency arrangements in Africa, casts doubt on the possibility of successfully achieving macro-economic convergence, monetary union and central banks for all the regions (including SADC) in Africa. This article aims at examining this doubt purely from an economic perspective. Although the achievement of the convergence criteria and the establishment of a monetary union and a regional central bank are major challenges facing SADC, these challenges would not be insurmountable if South Africa assumes the leading role in convergence.*

Die oogmerk om te vorder na makro-ekonomiese konvergensiekriteria met die oog op 'n monetêre unie en 'n enkele sentrale bank vir die lande van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (algemeen bekend as die SADC-lande weens die Engelse naam *Southern African Development Community*), is een van die hoofoogmerke van die SADC-komitee van presidente van sentrale banke. Hierdie komitee staan bekend as SADC se CCBG vanaf die Engelse naam, *Committee of Central Bank Governors*. In hierdie artikel word afkortings gebaseer op die Engelse name deurgaans gebruik ter wille van eenvormigheid en omdat geen amptelike Afrikaanse afkortings bestaan nie.

In 'n onlangse publikasie<sup>2</sup> betwyfel Masson en Pattillo (2005) die moontlikheid om makro-ekonomiese konvergensie, 'n monetêre unie en 'n sentrale bank in SADC suksesvol te implementeer weens hul ontleding van huidige monetêre unies in Afrika en twyfel oor vordering na toekomstige makro-ekonomiese konvergensie in Afrika en sy streke. Hierdie artikel oorweeg onder meer die twyfel van dié outeurs. Die ontleding in hierdie artikel fokus uitsluitlik op ekonomiese aspekte en laat politieke oorwegings buite rekening.

Afdeling een beskryf die SADC-streek, sy strukture en sy belangrikste ekonomiese oogmerke. Afdeling twee lig SADC se makro-ekonomiese konvergensiekriteria toe. In die derde afdeling word lesse vir SADC uit bestaande monetêre en voorgestelde monetêre unies in Afrika bespreek, waarna die slotsom volg.

## 1. 'N OORSIG VAN DIE SADC-STREEK

Die SADC-streek het die volgende lidlande: Angola, Botswana, Demokratiese Republiek van die Kongo, Lesotho, Malawi, Mauritius, Mosambiek, Namibië, Republiek van Suid-Afrika, Swaziland, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe. Madagaskar het in Augustus 2005 aangesluit en sal teen die tweede helfte van 2006 'n volle lid wees. Die SADC-sekretariaat is in Gaborone in Botswana gesetel (Background information on SADC 2000).<sup>3</sup> SADC is aanvanklik op 1 April 1980 in Lusaka gestig as die *Southern African Development Co-ordination Conference*, en het sy naam op 17 Augustus 1992 in Windhoek na SADC verander (Background information on SADC 2000). Suid-Afrika het in 1994 lid van SADC geword.

Hoewel die lidlande van die SADC-streek hulself tot verskeie doelwitte verbind, kan die vernaamste ekonomiese oogmerke vir doeleindes van hierdie artikel opgesom word as ontwikkeling en ekonomiese groei; armoedeverligting; verbetering van lewenstandaarde; harmonisering van sosio-ekonomiese beleid; en skepping van toepaslike instellings en meganismes vir die mobilisasie van hulpbronne om die programme van SADC te implementeer (Background information on SADC 2000).

Ten einde sy doelwitte en oogmerke te bereik, het SADC spesifieke sektorale verantwoordelikhede aan elke lidland toegeken. Lidlande moet SADC se bedrywigheede op hul betrokke terreine koördineer deur middel van die sektorale komitee van ministers, met die betrokke minister van die lidland met verantwoordelikheid vir sektorale koördinasie as voorsitter (Background information on SADC 2000).

Die CCBG is een van die komitees binne die sektorale struktuur van SADC en het die verantwoordelikheid om makro-ekonomiese konvergensie binne die streek te koördineer en vordering met die konvergensiekriteria wat SADC gestel het, te monitor. Omdat die Republiek van Suid-Afrika sektorale verantwoordelikheid vir finansies en investering binne SADC aanvaar het (Background information on SADC 2000), dien die President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, mnr. T.T. Mboweni, as Voorsitter van die CCBG.

Makro-ekonomiese konvergensie met die oog op 'n monetêre unie en 'n sentrale bank tot voordeel van al die lidlande in die SADC-streek is versoenbaar met die oogmerke van die organisasie: trouens, so 'n bank se bydrae tot finansiële en prysstabiliteit sal juis help om ekonomiese groei te bevorder.

## 2. MAKRO-EKONOMIESE KONVERGENSIE IN SADC

Volgens Masson en Pattillo (2005:114) is een van die oogmerke van die Afrika Unie "... to build a monetary union for the entire continent in stages, starting with each of the subregions", waarvan SADC een belangrike streek vorm. Voorts het "... SADC governments ... agreed to a set of indicators that will allow monitoring of progress towards macroeconomic convergence" (Masson & Pattillo 2005:114).

Die oogmerk van makro-ekonomiese en monetêre konvergensie in SADC as 'n eerste stap in hierdie streek na die uiteindelijke doelwit van volledige ekonomiese integrasie van Afrika kragtens die Abuja-verdrag, is op 9 Oktober 2003 deur mnr. Mboweni verduidelik (Mboweni 2003).<sup>4</sup> Voorts het mnr. Mboweni op 28 Februarie 2005 in Kaapstad die konvergensiemikpunte van SADC vir 2008 herbevestig (Mboweni 2005b).<sup>5</sup>

Die konvergensiekriteria is uiteengesit in 'n memorandum van verstandhouding wat deur die Ministers van Finansies van die SADC-lande onderteken is. Deur duidelike konvergensiekriteria lê die memorandum die grondslag vir 'n monetêre unie en 'n sentrale bank vir die SADC-streek neer, en lê ook verdere kriteria neer wat teen 2012 en 2018 bereik moet word (Mboweni 2005b).

**TABEL 1:** Makro-ekonomiese konvergensiekriteria vir SADC

Kriterium	2008	2012	2018
Inflasiekoers	Enkelsyfers	5%	3%
Begrotingstekort	5% of minder van BBP	3% van BBP as anker, met 'n band van 1%	3% van BBP as anker, met 'n band van 1%
Owerheidskuld	Minder as 60% van BBP	Minder as 60% van BBP	Minder as 60% van BBP
Buitelandse reserwes	Dek 3 maande se invoer	Dek meer as 6 maande se invoer	Dek meer as 6 maande se invoer
Sentrale bankkrediet aan die owerheid	Minder as 10% van die vorige jaar se belastinginkomste	Minder as 5% van die vorige jaar se belastinginkomste teen 2015	Minder as 5% van die vorige jaar se belastinginkomste

Bron: Mboweni 2005b

Masson en Pattillo (2005:128) se gevolgtrekking oor die suksesse wat behaal kan word met makro-ekonomiese konvergensie, 'n monetêre unie en 'n sentrale bank in die SADC-streek, is dat:

[a]t the present time, the assessment made by Jenkins and Thomas of macro-economic convergence in the mid-1990s and its implications for the feasibility of a SADC monetary union still seems as valid today as when it was originally expressed: In conclusion, the apparent lack of convergence of the southern African economies over time and the current divergence of policy and stability indicators suggests that southern Africa is not yet ready for regional monetary integration (Jenkins & Thomas 1996:23).

Voorts is Masson en Pattillo van mening dat "... [t]he concept of full monetary union among the SADC countries of southern Africa seems infeasible at this stage ..." (2005:9) en meld onder meer as een van die redes vir hierdie gevolgtrekking dat SADC-lande nog ver is "... from having converged with the macroeconomic stability of South Africa and its CMA partners" (2005:9). Uit 'n oorsig oor monetêre unies en oogmerke vir makro-ekonomiese konvergensie in verskillende streke in Afrika, blyk dit dat Masson en Pattillo té pessimisties in hul oordeel oor die moontlikheid van sukses in SADC is.

### **3. LESSE VIR SADC UIT BESTAANDE EN VOORGESTELDE MONETÊRE UNIES IN AFRIKA**

In Afrika is daar tans die CMA (*Common Monetary Area*) en die twee frank-sones wat as monetêre unies funksioneer, terwyl SADC en ECOWAS (*Economic Communion of West African States*) makro-ekonomiese konvergensiekriteria vir hul lidlande aangekondig het. SADC is reeds hierbo bespreek en die vier ander streeksinstellings word vervolgens kortliks bespreek. Daar is ook ander streeksinstellings in Afrika, maar omdat hul lidlande nie makro-ekonomiese konvergensie of 'n monetêre unie as oogmerke het nie, word daardie organisasies nie in hierdie artikel ingesluit nie.

#### **3.1 CMA**

Die CMA bestaan uit die Republiek van Suid-Afrika, Lesotho, Namibië en Swaziland (Metzger 2004).<sup>6</sup> Die CMA het sy ontstaan as die Rand Monetêre Gebied gehad, met Suid-Afrika,

Botswana, Lesotho en Swaziland as oorspronklike lede. Botswana het die CMA in 1976 verlaat en Namibië het na onafhanklikheid in 1990 aangesluit. Hoewel elkeen van die lidlande hul eie geldeenhede het, verhandel hierdie geldeenhede teen pariteit (die geldeenhede is dus van gelyke waarde) en pas lidlande ook soortgelyke valutabeheermaatreëls toe, wat beteken dat daar geen beperking op kapitaalbewegings tussen die CMA-lande is nie (SA Reserve Bank [S.a.]).<sup>7</sup>

Die Suid-Afrikaanse rand vorm die anker van die geldeenhede binne die CMA weens die dominerende rol wat die Suid-Afrikaanse ekonomie in dié gebied speel. So het Suid-Afrika se BBP teen 2002 (die jongste datum waarvoor vergelykende syfers beskikbaar is) sowat 95 persent van die CMA se BBP verteenwoordig (ISS [S.a.]).<sup>8</sup> Ten spyte van die feit dat die CMA (en voorheen die Rand Monetêre Gebied) reeds meer as 30 jaar bestaan, is dit opmerklik dat daar nooit 'n CMA sentrale bank tot stand gekom het nie. Dit is egter 'n aspek wat van tyd tot tyd bevraagteken word. Metzger (2004) wys daarop dat:

[i]n Namibia, criticisms have increasingly been raised against the dominance of South Africa in designing monetary policy for the whole ... [CMA] ... region. These voices charge that since independence, Namibia has never had the opportunity to influence South African monetary policy, and they call for the democratisation of the CMA via the establishment of a common central bank for the CMA.

Masson en Pattillo (2005) haal Reuters aan as 'n bron dat mnr. Mboweni in antwoord op 'n vraag oor hierdie onderwerp gesê dat “[w]e have agreed we will do some research on what the feasibility is of a common central bank for ... [the CMA] ...” (2005:73). In die Presidentsrede by die SA Reserwebank se jaarvergadering van aandeelhouders op 24 Augustus 2005 het mnr. Mboweni gesê dat “[t]he Bank ... participated in a study outlining the costs and benefits of the creation of a common central bank for Lesotho, Namibia, Swaziland and South Africa. The decisions in this regard will be taken by the political leaders of these countries” (2005a:11).

Geen formele makro-ekonomiese of monetêre konvergensiekriteria is vir die CMA-lande gestel nie. In die afwesigheid van 'n CMA sentrale bank en gegewe die dominerende rol van Suid-Afrika, word die monetêre beleid van die CMA in wese deur die SA Reserwebank bepaal. Die verantwoordelikheid vir monetêre beleidsbesluite is aan die Monetêre Beleidskomitee van die SA Reserwebank onder voorsitterskap van mnr. Mboweni toevertrou, maar gesprekke oor monetêre beleid tussen SADC lande vind plaas tydens vergaderings van die CMA (Metzger 2004):

The Common Monetary Area Commission ... [which] ... meets prior to the SARB's Monetary Policy Committee, which is responsible for designing interest rates. Each member country sends a representative and advisors to the Common Monetary Area Commission, in which the different interests of the member countries in the formulation and implementation of monetary and foreign exchange policies are to be reconciled via a consultation mechanism.

Die Reserwebank volg 'n beleid van inflasietekens, wat vir die eerste keer in 2000 deur die Suid-Afrikaanse Minister van Finansies aangekondig is (Suid-Afrika 2000).<sup>9</sup> Kragtens 'n beleid van inflasietekens het die sentrale bank volle outonomie oor die keuse van beleidsinstrumente (*operational independence*), maar nie doelwitoutonomie (*goal independence*) nie. Suid-Afrika was ten tye van die aanvaarding van inflasietekens in 2000 in die gelukkige posisie dat die outonomie van die Reserwebank reeds in die 1990's gevestig is, terwyl die Bank se unieke struktuur van privaat aandeelhouders outonomie verder ondersteun (Rossouw 2004:1097). Die inflasietekens is gespesifiseer as 'n styging van tussen 3 en 6 persent in VPIX (veranderings in die

verbruikersprysindeks in metropolitaanse en stedelike gebiede, maar uitgesluit veranderings in verbandrentekoste).

Omdat Suid-Afrika effektief monetêre beleidsverantwoordelikheid vir die CMA het en die SA Reserwebank *de facto* die rol van 'n CMA sentrale bank speel, beteken dit in praktyk dat Lesotho, Namibië en Swaziland ook 'n beleid van inflasieteikens volg, met die gepaardgaande voordele wat daaruit voortspruit. Inflasiekonvergensie tussen die CMA-lande sal dus noodwendig volg.

In hul beoordeling van die CMA, bereik Masson en Pattillo (2005:75-76) die gevolgtrekking dat:

... it seems difficult to conclude that the existence of a monetary union per se has been associated with a dramatic increase in regional trade and policy coordination. ... [The continued existence of the CMA] ... is due to special political circumstances. ... In southern Africa, sharing the currency of an important neighbour with credible monetary policy made economic sense. ... However, it is likely that ... monetary union might not have survived without the willingness of South Africa to adapt the arrangements to the needs of its neighbours.

Hierdie gevolgtrekking van Masson en Pattillo is egter in teenstelling met hul vroeër gevolgtrekking omtrent “macro-economic stability of South Africa and its CMA partners” (2005:9), wat duidelike streeksvoordele weens die handhawing van die monetêre area impliseer.

### 3.2 Twee frank-sones in Afrika

Die tweede monetêre unie wat reeds in Afrika bestaan, is die CFA frank-sone wat na die Tweede Wêreldoorlog op die been gebring is. Dit bestaan uit twee subsones met twee verskillende afkortings vir CFA, soos hieronder verduidelik word. Die geldeenheid is die CFA frank, wat sedert 1999 'n vasgepende wisselkoers teen die Euro het, nadat dit sedert 1948 teen die Franse frank vasgepen was, hoewel die vlak van vaspenning soms verander het (Eli 2003:146).

#### 3.2.1 WAEMU (*West African Economic and Monetary Union*)

WAEMU is in 1994 gestig en bestaan uit Benin, Burkina Faso, Guinee-Bissau, Ivoorkus, Mali, Niger, Senegal en Togo, met die BCEAO as sentrale bank gesetel in Dakar en 'n streeksontwikkelingsbank in Lomé (US Department of State 2002:1). In hierdie geval is CFA 'n afkorting vir *Communauté Financière Africaine* (IMF Survey 2002:284). WAEMU het die volgende vyf hoofdoelmerke (US Department of State 2002:1):

- Verbetering van ekonomiese en finansiële mededingendheid van lidlande.
- Multilaterale monitering van konvergensiekriteria vir makro-ekonomiese beleid en prestasie.
- Die vestiging van 'n gemeenskaplike mark vir lidlande gebaseer op die vrye vloei van mense, goedere, dienste en kapitaal.
- Sektorale beleidskoördinasie.
- Harmonisering van wetgewing ter ondersteuning van die gemeenskaplike mark.

Die makro-ekonomiese konvergensiekriteria wat in 1999 kragtens die *Convergence, Stability, Growth and Solidarity Pact* vir lidlande van WAEMU gestel is, behels die volgende (Doré & Masson 2002:3-4):

- Prysstabiliteit met 'n inflasiekoers van 3 persent.
- Die basiese fiskale posisie (inkomste uitgesonderd skenkings minus lopende uitgawes) van lidlande moet in ewewig of positief wees.
- Owerheidskuld in lidlande moet laer as 70 persent van die BBP wees.
- Geen toename in die agterstallige plaaslike en buitelandse betalings van die regering van lidlande nie.

Voorts is “[m]onetary financing of governments ... limited to 20 per cent of the previous year’s budgetary revenues, while both current and capital account convertibility is operated in principle but with occasional restrictions” (Eli 2003:146).

### 3.2.2 CAEMC

Die *Central African Economic and Monetary Community* (CAEMC, maar CEMAC volgens die Franse afkorting) bestaan uit Ekwatoriaal-Guinee, Gaboen, Kameroen, die Republiek van die Kongo, Sentraal-Afrikaanse Republiek en Tsjaad (Republic of South Africa 2003:1) met die BEAC as sentrale bank in Yaoundé. In hierdie geval is CFA 'n afkorting vir *Coopération Financière en Afrique centrale* (IMF Survey 2002:284). Hierdie lande het in Maart 1994 'n verdrag onderteken om voorsiening te maak vir die bevordering van die:

... process of sub-regional integration within the framework of an economic union and a monetary union. Institutions that have already been planned include a common parliament and common court of justice. However, half of the members of CEMAC still have to ratify the founding treaty of 1994 (Republic of South Africa 2003:1).

Dit impliseer dat die helfte van die CAEMC-lande dieselfde konvergensiekriteria as die WAEMU-lande aanvaar het, insluitend die beginsel dat “[m]onetary financing of governments ... [be] ... limited to 20 per cent of the previous year’s budgetary revenues ... (Eli 2003:146). Die vernaamste verskil is dus dat konvergensie noodwendig verder in WAEMU as in CAEMC gevorder het, omdat al die lande in laasgenoemde groep dit nog nie aanvaar het nie.

### 3.2.3 Beoordeling van die twee CFA frank-sones

Masson en Pattillo bereik wesenlik dieselfde gevolgtrekking oor die twee CFA frank-sones as oor die CMA, en is spesifiek van mening dat “[w]ithout France’s active encouragement of its former colonies to remain in the CFA franc zone ... it is likely that the monetary unions ... would have dissolved” (2005:47).

## 3.3 ECOWAS

Net soos SADC, vorm ECOWAS 'n belangrike streek in Afrika. ECOWAS is in 1975 gestig kragtens artikels 3 en 51 tot 55 van die verdrag ter stigting van 'n ekonomiese en monetêre unie vir die lidlande, naamlik Gambië, Ghana, Guinee, Liberië, Nigerië en Sierra Leone (WAMI [S.a.]).<sup>10</sup> Ten einde ECOWAS se oogmerke te bereik, het die staatshoofde van lidlande, met die uitsondering van Liberië, op 20 April 2000 in Accra 'n deklarasie vir die skepping van die *West African Monetary Zone* onderteken. Liberië het weens die eise van sy fokus op die herstel en herbouing van infrastruktuur na 'n tydperk van interne konflik besluit om nie die deklarasie te onderteken nie (WAMI [S.a.]). Die kriteria vir lidmaatskap bepaal egter dat enige Afrikaland wat lid van ECOWAS word, ook vir lidmaatskap van die monetêre unie mag aansoek doen (WAMI [S.a.]).

Die vernaamste oogmerk van die monetêre unie is om al die nodige take uit te voer wat sal lei tot die skepping van die *West African Central Bank* en die loodsing van 'n gesamentlike geldeenheid, vir die lidlande, waarvan die naam (die ECO) reeds in Januarie 2003 aanvaar is, omdat (WAMI [S.a.]):

[t]he name reflects the spirit of Community. The word ECO is derived from “economic” or “economique”, existing words in both English and French languages, and it has been adopted by ECOWAS-related institutions such as ECOBANK and ECOMARINE.

Die primêre makro-ekonomiese konvergensiekriteria wat vir lidlande van die monetêre unie gestel is, behels (WAMI [S.a.]):

- Enkelsyferinflasie teen 2003 en 'n inflasiekoers van 5 persent teen 2004.
- Stabiele fiskale posisie vir die owerhede in lidlande deur die begrotingstekort (uitgesonderd skenkings) tot 4 persent of minder van die BBP in die tydperk 2003 tot 2005 te beperk.
- Sentrale bankbefondsing van die owerheidstekort tot 10 persent of minder van die owerheid se belastinginkomste in die vorige belastingjaar in die tydperk 2003 tot 2005 te beperk.
- Voldoende goud en buitelandse valutareserwes om ten minste 3 maande se invoer in die tydperk 2003 tot 2005 te dek.

Bykomende sekondêre kriteria word ook gestel (WAMI [S.a.]), maar is vir doeleindes van hierdie artikel buite rekening gelaat. Vanuit 'n huidige perspektief is die makro-ekonomiese konvergensiekriteria van ECOWAS strenger as dié van SADC, want die ECOWAS-kriteria moes reeds teen die einde van 2005 bereik word. Dit staan egter teen die agtergrond van ECOWAS se streeks-BBP wat sowat die helfte kleiner as dié van SADC is (ISS [S.a.]).

Die gevolgtrekkings van Masson en Pattillo oor die toekoms van 'n monetêre unie in ECOWAS is nie veel meer positief as hul gevolgtrekking oor die moontlikheid van monetêre unie in SADC nie. Hulle is van mening dat “... net economic benefits to the countries concerned would be negative” (2005:112).

## SLOTSOM

Ten slotte is daar dus die vraag: kan makro-ekonomiese konvergensie tot die suksesvolle vestiging van 'n monetêre unie en 'n sentrale bank in SADC lei ten spyte van die skeptisisme van Masson en Pattillo? Terwyl dit nog te vroeg is om enige gevolgtrekkings te maak uit die huidige stand van of vordering met makro-ekonomiese konvergensie in ECOWAS, dui ondervinding uit die CMA en die twee CFA frank-sones op die pad vorentoe.

Die ondervinding met die CMA en die twee CFA frank-sones toon dat 'n dominante rolspeler (Suid-Afrika in die CMA en Frankryk in die CFA) 'n sentrale element vir sukses is. Indien Suid-Afrika, wat teen 2002 sowat 68 persent van SADC se BBP verteenwoordig het (ISS [S.a.]), dieselfde rol in SADC as in die CMA sal speel, sal 'n monetêre unie, 'n sentrale bank en 'n enkele geldeenheid in SADC slaag. As 'n moontlike tussenstap om 'n sentrale bank vir SADC te vestig, is 'n debat nodig oor die voordele om die SA Reserwebank vanaf die *de facto* tot die *de jure* sentrale bank van die CMA te ontwikkel.

## BIBLIOGRAFIE

- Background information on SADC*. 2000. <http://www.sadc-sqam.org/> [12 April 2005].
- Doré, O. & Masson, P.R. 2002. *Experience with budgetary convergence in the WAEMU*. IMF Working Paper No. 02/108. International Monetary Fund, Washington. <http://ideas.repec.org/p/imf/imfwpa/02108.html> [15 April 2005].
- Eli, E. 2003. *Regional currency areas: lessons from the West African sub region and Nigeria's policy stance*. In BIS Papers No. 17 - Regional currency areas and the use of foreign currencies. Publication of the Bank for International Settlements. <http://www.bis.org/publ/bispap17.htm> [15 April 2005].
- IMF Survey. 2002. *West Africa's monetary union has had mixed success coordinating fiscal policies*. Interview with Ousmane Doré and Paul Masson. Vol 31: 5. 16 September. <http://www.imf.org/external/pubs/ft/survey/2002/091602.pdf> [15 April 2005].
- ISS (Institute for Security Studies). Undated. *Africa fact files: Regional Indicative Strategic Development Plan (RISDP) of SADC*. [http://www.iss.org.za/AF/RegOrg/unity\\_to\\_union/pdfs/sadc/risdp/toc.htm](http://www.iss.org.za/AF/RegOrg/unity_to_union/pdfs/sadc/risdp/toc.htm) [15 April 2005].
- Jenkins, C. & Thomas, L. 1996. Is Southern Africa ready for regional monetary integration? Working Paper 51. November. Oxford: Centre for the Study of African Economies. In Masson, P.R. & Pattillo, C. 2005. *The monetary geography of Africa*. Brookings Institution Press. Washington, DC.
- Masson, P.R. & Pattillo, C. 2005. *The monetary geography of Africa*. Brookings Institution Press. Washington, DC.
- Mboweni, T.T. 2003. *African economic integration*. Keynote address at the 5th Annual African Development Finance Conference. 9 October. <http://www.resbank.co.za> [12 April 2005].
- Mboweni, T.T. 2005a. *Governor's Address*. Address at the eighty-fifth ordinary general meeting of shareholders of the SA Reserve Bank. 24 August.
- Mboweni, T.T. 2005b. Media briefing on SADC by the Chairperson of the Committee of Central Bank Governors in Cape Town, after a meeting of the CCBG of SADC and the European Central Bank. 28 February. Internal document of the SA Reserve Bank.
- Metzger, M. 2004. *The common monetary area in Southern Africa: a typical South-South coordination effort?* Paper read at the workshop on New Issues in Regional Monetary Coordination: Understanding North-South and South-South Arrangements, at the Institute for Ibero-American Studies, Hamburg: Germany. 7-9 July. <http://www.duei.de/iik/de/content/forschung/pdf/commonmonetaryarea.pdf> [14 April 2005].
- Republic of South Africa. 2003. *Fact Sheet: Central African Economic and Monetary Community (CAEMC)* Department of Foreign Affairs. <http://www.dfa.gov.za/foreign/Multilateral/africa/caemc.htm> [15 April 2005].
- Rossouw, J. 2004. A brief note on Nel and Lekalake: Monetary transparency in South Africa, in *The South African Journal of Economics*. *Quarterly Bulletin of the Economics Society of South Africa*. Vol 72: 5. December.
- SA Reserve Bank. Undated. *Exchange Control Manual*. [http://www.reservebank.co.za/internet/Publication.nsf/LADV/06AFDF07AEDF814442256EC200495388/\\$File/D.pdf](http://www.reservebank.co.za/internet/Publication.nsf/LADV/06AFDF07AEDF814442256EC200495388/$File/D.pdf) [4 October 2005].
- Suid-Afrika. 2000. *Begrotingsrede* deur die Minister van Finansies. 23 Februarie 2000.
- US Department of State. 2002. *Fact Sheet: West African Economic and Monetary Union (WAEMU)*. 18 November. <http://www.state.gov/p/af/rls/fs/15202.htm> [15 April 2005].
- WAMI (West African Monetary Institute). Undated. Questions and answers on the West African Monetary Zone (WAMZ). <http://www.wami-imao.org/english/doc/q-and-a.htm> [13 April 2005].



- 1 Die menings in hierdie artikel weerspieël nie noodwendig die menings van die Reserwebank of die Universiteit van Pretoria nie. 'n Vorige konsep van hierdie artikel is voorgedra by die Tweejaarlikse Konferensie van die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika op 8 September 2005 en nuttige kommentaar ter verbetering word met dank erken.
- 2 Masson, P.R. & Pattillo, C. 2005. *The monetary geography of Africa*. Brookings Institution Press. Washington, DC.
- 3 [www.sadc-sqam.org](http://www.sadc-sqam.org) - geen bladsynommers nie.
- 4 [www.resbank.co.za](http://www.resbank.co.za) - geen bladsynommers nie.
- 5 Interne mediaverslag - geen bladsynommers nie.
- 6 [www.duei.de/iik/de/content/forschung/pdf/commonmonetaryarea.pdf](http://www.duei.de/iik/de/content/forschung/pdf/commonmonetaryarea.pdf) - geen bladsynommers nie.
- 7 [www.reservebank.co.za](http://www.reservebank.co.za) - geen jaartal of bladsynommers nie.
- 8 [www.iss.org.za](http://www.iss.org.za) - geen jaartal of bladsynommers nie.
- 9 Begrotingsrede - geen bladsynommers nie.
- 10 [www.wami-imao.org/english/doc/](http://www.wami-imao.org/english/doc/) - geen jaartal of bladsynommers nie.